**Sondag was dit Pinksterfees.**

**Ons weet Jesus was gekruisig, en Hy het op die 3de dag uit die dood uit op gestaan. Dit is die PaasFees...**

**40 Dae hierna het Jesus Hemel toe gegaan. Dit is die Hemelvaart van Jesus.**

**En 10 Dae hierna was dit die Pinksterfees. 'n Fees waar almal van die streek bymekaar gekom het om hulle Oes te vier.**

**Maar na Jesus se Hemelvaart het hierdie Oesfees beken geword vir die uitstorting van die Heilige Gees.**

**Ons noem vandag nog hierdie dag Pinkster, want Pinkster beteken 50. 50 dae na Jesus uit die dood uit opgestaan het, het Hy Sy Gees vir ons gestuur.**






**Ons het 2 weke terug gesien hoe die Heilige Gees deur Paulus werk om die slaaf, die vrou en die heiden te red.**

**Verlede naweek het ons gesien hoe om die wil van die Here te onderskei…**

**Vandag gaan ons sien dat hierdie reddings plan van God volmaak is deur Jesus…**


HANDELINGE 2

**Wat in Handelinge 2 staan vir jou uit?**

**Bespreek bietjie met mekaar wat kenmerkeend was wat hier op hierdie Pinksterfees gebeur het.**


JAN VAN'T HOFF '20

Soos Petrus hierdie mense vertel wat gebeur het, **sien ons baie duidelik God se reddings plan in aksie.**

Voor die uitstoring van die Heilige Gees was die Disipels baie bang, en het weg gekruip in 'n bokamer. Maar met die uitstoring van die **Gees was daardie vrees weg.**


Hulle het in die nasies wat gekom het vir die Oesfees se moederstale vertel van God se groot werk.

**En hier verduidelik Petrus vir hulle dat Jesus die Messias is. Dié een vir wie hulle al so lank gewag het.**

**Hy vertel van Jesus se wonderwerke en hy wys hoe die profete oor Jesus se koms en Sy werk geprofiteer het.**

Hy wys vir hulle baie duidelik dat Jesus die Messias is. **Dat Hy gesterf het en dat Hy opgestaan het uit die dood uit.**

**EN DIE MENSE, OMTREND 3000 GEE HULLE HARTE VIR DIE HERE!!!**



Believe
GOD
JESUS CHRIST
WAGES
SIN
DEATH
HEART
HOPE
Free
Gift
GOD = ETERNAL LIFE !

**Die mense hoor die evangelie vir die eerste keer, en hulle glo dit, want hulle het gesien wat gebeur het. Hulle sien hoe Jesus die Christus is.**

**En hulle reaksie is, “wat moet ons doen?”**


**Petrus se antwoord is…**

## Handelinge 2:38-39

“Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop
word in die Naam van Jesus Christus, en God
sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige
Gees as gawe ontvang. 39Wat God belowe het,
is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat
daar ver is, vir almal wat die Here ons God na
Hom toe sal roep.”

**Baie dieselfde as die Romeinse wag wat vir Paulus en Silas gevra het, "Menere, wat moet ek doen om gered te wees?"**

Handeline 16:31-33
"Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus,
en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.”
32Hulle het toe die woord van die Here aan
hom en aan al die mense in sy huis
verkondig. 33Op daardie uur van die nag het hy
vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde
gewas. Hy en al sy mense is daar en dan
gedoop.



Believe
GOD
JESUS CHRIST
WAGES
SIN
DEATH
HEART
HOPE
Free
Gift
GOD =
ETERNAL
LIFE !

# GOD SE REDDING IS DIESELFDE 2000 JAAR TEUG EN NOU...

**Dalk sit jy vandag hier en wonder oor jou redding...**

**Om gered te wees is die belangrikste ding in ons lewe...**

**Daar is net 2 opsies. Of jy is gered, of jy is nie gered nie...**

**Dalk vra jy van wat moet jy gered word? Jou lewe is dan perfek...**

**Dalk is jy onseker oor wat dit behels en wat jy nou moet verander...**

**Om gered te wees is om vrye toegang tot God te hê, en om die ewige lewe te kry. Die ewige lewe in God se teenwoordigheid en in Sy Koningkryk, die Hemel...**

**Om nie gered te wees nie is om nie die ewige lewe te kry nie maar 'n ewigheid ver van God af. Jesus noem hierdie plek die Hel...**

**Hoe kan ek gered word?**

**Jesus het reeds aan die kruis gesterf en die dood oorwin. Hy het die prys van die sonde betaal deur om in my en jou plek te sterf. Hy gee die lewe wat Hy het, die ewige lewe en 'n plek in Sy Koninkryk vir die wat in Hom glo.**

**JOHANNES 3:16...**

**Om te glo is om te weet dat Jesus in jou plek gesterf het om vir jou sondes te betaal met Sy lewe...**

**Om te glo is om jou lewe van sonde om te draai en 'n lewe te leef in Sy wil. Dit is om te bekeer... Nie meer my wil nie, maar die Here se wil...**

**En soos Jesus dan sy disipels beveel het om te doen, doop hulle, want dit sal die bewys wees dat hulle bekeer het.**

**En ons kry ook die gawe van die Heilige Gees wanneer ons glo. Dit is die teenwoordigheid van God in ons lewe. Dit is dat ons Sy volgers is, en Hy is by ons. Deur Sy Gees maak Hy ons sterk wanneer die wêreld ons swak wil maak of ons wil laat twyfel.**

**Die Heilige Gees, God, gee vir die disiples en vir ons die moed om in 'n gebroke wêreld Sy glorie en waarheid te verkondig...**

**Ek bid dat ons in ons lewens aan God se reddings plan sal vas hou. Dat ons sal besef Hy het al die werk gedoen om ons te red en te vergewe. Ons kan nou in Hom glo, en so is ons gered... Deur geloof en genade alleen is ons gered...**


This was his eternal plan,
which he carried out through
Christ Jesus our Lord.
- Ephesians 3:10-11 NLT -
heartlight.org

